Cape Agulhas, South Africa

Verordening insake Huiswinkels

Legislation as at 25 November 2016

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 Maart 2025 at 08:24.

Collection last checked for updates: 7 Maart 2025.

Sien aanlyn

Oor hierdie versameling

Die wetgewing in hierdie versameling is weergegee soos dit oorspronklik in die Staatskoerant gedruk is, met verbeterde formatering en met geringe tipografiese foute wat reggestel is. Alle wysigings is direk op die teks toegepas en geannoteer. 'n Skandering van die oorspronklike koerant van elke stuk wetgewing (insluitend wysigings) is beskikbaar vir verwysing.

Hierdie is 'n gratis aflaai van LawLibrary en word aangebied in samewerking met die African Legal Information Institute, die Judicial Institute for Africa en die Laws.Africa Legislation Collection, 'n versameling van Afrika-wetgewing wat deur Laws.Africa gedigitaliseer en gratis beskikbaar gestel word.

www.lawlibrary.org.za | info@lawlibrary.org.za

www.laws.africa | info@laws.africa

FRBR URI: /akn/za-wc033/act/by-law/2015/house-shop/afr@2016-11-25

There is no copyright on the legislative content of this document.
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

Verordening insake Huiswinkels
Contents

1. Woordbepaling 1
2. Toepassing van hierdie verordening 2
3. Klassifisering van huiswinkels 2
4. Aansoeke vir huiswinkels 2
5. Vereistes vir 'n huiswinkel 3
6. Beperkings 3
7. Nie-aanspreeklikheid van die munisipaliteit 4
8. Voldoeningskennisgewings 4
9. Toepassing 4
10. Oorgangsmaatreëls 4
11. Delegasie 5
12. Strafbepaling 5
13. Kort titel en inwerkingtrede 5

Cape Agulhas
South Africa

Verordening insake Huiswinkels

Published in Western Cape Provincial Gazette 7521 on 3 November 2015

Inwerking getree op 3 November 2015

[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 25 November 2016 en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 7 Maart 2025.]

[Gewysig deur House Shop By-law: Amendment op 25 November 2016]

[Die munisipaliteit het 'n soortgelyke verordening insake Huiswinkels op 2012-12-14 gepubliseer. Dit word aanvaar dat hierdie verordening die vorige een herroep.]

NADEMAAL artikel 156(2) en (5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies;

EN NADEMAAL Deel B van Bylae 4 tot die Grondwet munisipale beplanning lys as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid in die mate in artikel 155(6) (a) en (7) uiteengesit;

EN NADEMAAL die Kaap Agulhas Munisipaliteit poog om munisipale grondgebruikbeplanning en enige aangeleenthede wat daarmee in verband staan te bestuur, beheer en reguleer;

WORD DAAR soos volg deur die Kaap Agulhas Munisipaliteit BEPAAL:—

Om huiswinkels binne die owerheid se regsgebied te identifiseer, te orden en reguleer.

1. Woordbepaling

In hierdie verordening, tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken:

"**gemagtigde beampte**" 'n werknemer van die Raad wat deur die munisipale bestuurder aangestel is om die magte van 'n gemagtigde beampte ingevolge die bepalings van hierdie verordening uit te oefen;

"**goedkeuringstydperk**" 'n maksimum van vyf jaar ingevolge die Standaard Verordeninge vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, waarna daar weer aansoek gedoen moet word vir verlenging.

"**huiswinkel**" die aanwending van 'n kleinhandel onderneming vanaf 'n woonhuis vir die gerief van die onmiddellike gemeenskap deur die geregistreerde eienaar van die woonhuis, wat die woonhuis moet bewoon; met dien verstande dat die oorhoofse gebruik van die struktuur residensieël sal bly;

"**munisipale bestuurder**" 'n persoon wat in deur die raad ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) aangestel is;

"**munisipaliteit**" die Munisipaliteit van Kaap Agulhas;

"**nasionale bouregulasies**" beteken die Nasionale Bouregulasies wat ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet No. 103 van 1977, afgekondig is;

"**openbare oorlas**" enige handeling, versuim of toestand wat aanstootlik is, wat nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid, wat die gewone gemak, gerief, rus of stilte van die publiek wesenlik belemmer of wat die veiligheid van die publiek nadelig raak;

"**Raad**" die munisipale raad van die Munisipaliteit;

"**Soneringskema**" soneringskema afgekondig in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no. 15 van 1985 of die Ge-integreerde Soneringskema afgekondig in terme van SPLUMA, 2013 (Wet 16 van 2013);

"**Soneringskema regulasies**" Artikel 7 en Artikel 8 Skema regulasies ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no. 15 van 1985 of die Ge-integreerde Soneringskema afgekondig in terme van SPLUMA, 2013 (Wet 16 van 2013).

2. Toepassing van hierdie verordening

(1) Hierdie verordening is van toepassing op die totale regsgebied van Kaap Agulhas Munisipaliteit.

(2) Die bepalings van hierdie verordening doen nie afbreuk aan die bepalings van enige ander wetgewing nie.

3. Klassifisering van huiswinkels

(1) Huiswinkels word as volg geklassifiseer:

(a) 'n huiswinkel met winsbejag;

(b) 'n huiswinkel met 'n geïdentifiseerde winkelarea binne bestaande strukture;

(c) 'n huiswinkel waar formele advertering plaasvind;

(d) 'n huiswinkel waar voorraad aangekoop en afgelewer word;

(e) 'n huiswinkel waar besigheidsure gehandhaaf word;

(f) 'n huiswinkel waar vermaaklikheid in die vorm van speletjie masjiene en potspeltafels beskikbaar gestel kan word;

(g) en 'n huiswinkel waar die oorheersende gebruik van die perseel residensieel is, met die huiswinkel sekondêr.

4. Aansoeke vir huiswinkels

(1) Slegs die geregistreerde eienaar van die eiendom (en woonagtig op die eiendom) mag aansoek doen om 'n huiswinkel te bedryf.

(2) Slegs die geregistreerde eienaar van die eiendom en woonagtig op die eiendom mag die huiswinkel bedryf.

(3) 'n Aansoek vir goedkeuring van huiswinkel sal geskied in terme van SPLUMA, 2013 en wel as 'n afwykende gebruik.

(4) Die volgende dokumente moet 'n aansoek om 'n huiswinkel vergesel:

(a) Die volledig voltooide aansoekvorm;

(b) 'n Liggingsplan van die besigheidskomponent van die voorgestelde huiswinkel;

(c) Bewys van die skriftelike toestemming van alle omliggende / aangrensende eienaars om 'n huiswinkel op die betrokke perseel te bedryf;

(d) 'n Motivering van die aansoeker vir die vestiging van 'n huiswinkel op die perseel.

(5) Die aansoek sal adverteer word in die plaaslike pers en per geregistreerde skrywe aan direk aanliggende perseeleienaars.

(6) Die aansoek sal eers ge-adverteer word nadat die toepaslike aansoekfooi, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, betaal is.

(7) Dertig dae sal deur die munisipaliteit verleen word om kommentaar te lewer.

(8) Die Munisipale Bestuurder of sy / haar gevolgmagtigde amptenaar sal die aansoek oorweeg en ’n besluit neem oor die goedkeuring daarvan, al dan nie.

(9) Die aansoeker en beswaarmakers, indien van toepassing, sal skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die Munisipale Bestuurder of sy / haar gevolgmagtigde amptenaar.

(10) Besware in terme van artikel 4(6) van hierdie verordening sal hanteer word in terme van SPLUMA, 2013.

5. Vereistes vir ’n huiswinkel

(1) Huiswinkels moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die huiswinkel mag slegs bedryf word vanuit ’n woongebou wat voldoen aan die Skema regulasies toepaslik op die betrokke area en die Nasionale Bouregulasies;

(b) Die omvang en ligging van die besigheidskomponent moet op ’n skaalplan aangedui word, en sal nie meer as 25m² of 33% (uitgesluit toilet en stoorkamer) van die totale vloeroppervlakte van die woonhuis wees nie, wat ook al die kleiner gedeelte is;

[paragraaf (b) vervang deur die Wysigingsverordening, 2016]

(c) Die erf waaruit die huiswinkel bedryf word moet ’n woonhuis as ’n primêre residensiële eiendom bevat;

(d) Die huiswinkel mag nie binne die straatreserwe geleë wees nie;

(e) Huiswinkels moet verder as 300 meter radius rondom bestaande besighede/huiswinkels wees;

[paragraaf (e) vervang deur die Wysigingsverordening, 2016]

(f) In gevalle wat ’n huiswinkel nie kwalifiseer aan die vereistes van ’n huiswinkel nie, moet ’n aansoek om hersonering van die betrokke perseel plaasvind, maar die feit dat ’n aansoek om hersonering ingedien moet word kan nie outomaties aanvaar word as ’n goedkeuring van die betrokke hersoneringsaansoek nie.

[paragraaf (f) gewysig deur die Wysigingsverordening, 2016]

(2) Die Raad behou die reg voor om die goedkeuring te enige tyd in te trek indien enige van die voorgemelde riglyne nie nagekom word nie, of verbreek word.

6. Beperkings

(1) Enige verandering aan die bestaande woonhuis moet by die residensiële karakter van die betrokke gebied inpas.

(2) *[subartikel (2) verwyder deur die Wysigingsverordening, 2016]*

(3) Alle wetgewing, regulasies, omgewingsgesondheid en veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die bedryf van ’n huiswinkel en die ware daarin moet aan voldoen word deur die eienaar.

[subartikel (3) gewysig deur die Wysigingsverordening, 2016]

(4) Die bedryf van die huiswinkel mag nie ’n openbare oorlas veroorsaak nie.

(5) Geen plofbare of vlambare stowwe mag aangehou of verkoop word nie.

(6) Toestemming om ’n huiswinkel te bedryf word aan die geregistreerde eienaar van die perseel toegestaan en is nie oordraagbaar nie.

(7) Die besigheidsaktiwiteit mag slegs plaasvind tussen 6h00 en 22h00.

(8) Indien ’n aansoeker ’n advertensieteken wil oprig, moet -

(a) vooraf by die Munisipaliteit aansoek gedoen word;

(b) mag slegs een onbeligte bord of kennisgewing, wat nie 2000 cm^2 in grootte oorskry nie en wat slegs die naam van die eienaar, besigheid en die aard daarvan aandui, vertoon word;

(c) die Munisipaliteit se geskrewe goedkeuring vooraf verkry word.

(9) Slegs geregistreerde eienaars van die eiendom mag handel dryf.

(10) Geen tydelike strukture, karavane en ‘sink’ strukture sal toegelaat word vir die gebruik van ’n huiswinkel.

[subartikel (10) bygevoeg deur die Wysigingsverordening, 2016]

(11) Huiswinkels binne die informele areas moet die Raad se goedkeuring kry.

[subartikel (11) bygevoeg deur die Wysigingsverordening, 2016]

7. Nie-aanspreeklikheid van die munisipaliteit

Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige regstreekse of gevolglike verlies of skade wat die eienaar van die huiswinkel perseel mag ly of opdoen as gevolg van of voortspruitend uit die goedkeuring van die huiswinkel nie.

8. Voldoeningskennisgewings

(1) Wanneer ookal ’n wetstoepasser bevind dat enige persoon ’n bepaling van hierdie verordening oortree of dat as gevolg van enige persoon se optrede of versuim ’n toestand ontstaan het wat ’n openbare oorlas veroorsaak of moontlik aanleiding kan gee tot die ontstaan van ’n openbare oorlas, kan so ’n wetstoepasser ’n boete van R2000 dien aan sodanige persoon.

(2) Sou ’n kennisgewing uitgereik word, moet dit die volgende bevat –

(a) Die bepaling van die verordening wat oortree word of oortree sal word as die toestand toegelaat word om voort te duur;

(b) Die maatreëls wat getref moet word om die toestand reg te stel, en

(c) Die tydperk waarbinne aan die kennisgewing voldoen moet word.

9. Toepassing

(1) Die bepalings van hierdie verordening doen nie afbreuk aan die bepalings van enige ander wetgewing ingevolge waarvan voorsiening gemaak is vir die beheer van huiswinkels soos bepaal in daardie wetgewing.

10. Oorgangsmaatreëls

(1) ’n Persoon wat kan bewys dat die Raad ten tyde van die inwerkingstelling van hierdie verordening reeds goedkeuring toegestaan het om ’n huiswinkel te bedryf, mag voortgaan om op te tree in ooreenstemming met die goedkeuring ingevolge sodanige verordening, op voorwaarde dat: -

(a) Die geregistreerde eienaar binne 6 maande vanaf proklamering van hierdie verordening weer aansoek doen by die Raad.

(b) Geen goedkeuring vanaf die oorspronklike aansoeker na ’n ander persoon oorgedra mag word nie; en

(c) Die eienaar van die huiswinkel bewys lewer van die Raad se goedkeuring.

11. Delegasie

Die munisipale bestuurder mag enige bevoegdheid of plig wat ingevolge die bepalings van hierdie verordening aan die munisipale bestuurder toegeken is, skriftelik aan ’n amptenaar van die munisipaliteit delegeer.

12. Strafbepaling

(1) ’n Persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree, is skuldig aan ’n misdryf en kan by skuldbevinding ’n boete van R2000 opgelê word.

(2) ’n Persoon wat versuim om te voldoen aan ’n kennisgewing wat ingevolge subartikel 8 gedien is, of ’n vereiste wat deur ’n gemagtigde werknemer in die uitoefening van sy of haar magte of die uitvoering van sy of haar pligte gestel is, is skuldig aan ’n misdryf en kan by skuldigbevinding ’n boete opgelê word.

13. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie gewysigde verordening word die Kaap Agulhas Munisipaliteit Verordening insake Huiswinkels genoem en tree in werking op die datum van die publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.